IMPIENUUS

Laerskool Impala Posbus 11141 Aston Manor 1630

Tel : 970 3040/1 Faks : 975 1116 Finansies : 975 0749

E-Pos : impala@impies.co.za

UITGAWE 12 2 OKTOBER 2020

Vanuit die Kajuit

Wat verkondig ons!

John Grisham, die skrywer van topverkoper boeke wat topverkoper films geword het, is al "'n reguit pyl" op "'n skewe pad" genoem. Sy boeke beeld dikwels gewentelose prokureurs, korrupte politici en bose polisiemanne uit die onderwêreld van 'n lewe van rykdom en ordentlikheid. Sy helde, aan die anderkant is gewoonlik die onskuldiges of kinders. Hy weier om enigiets te skryf wat sy ma of sy kinders in die verleentheid sal stel.

Baie in die uitgewerswêreld het gedink hy sou misluk, maar sy benadering het dividende behaal.

Meeste lesers prys hom omdat hy grafiese geweld, absene tonele en vloektaal vermy.

Pragtige uitkomste tot enige saak sal vooraf te doen gekry het met 'n positiewe, onkondisionele liefde en toewyding tot die opvoeding. Wanneer daar goed gepraat word van personeel, kinders en ouers sal die benadering, gesprekvoering en toekoms verwagtinge pragtige vrugte afwerp.

Die volhoubaarheid van 'n gesonde vennootskap tussen ouers en die skool kan net voortduur as daar gereelde positiewe kommunikasie tussen die twee partye volgehou word.

Dit is geen geheim dat Laerskool Impala die beste ouergemeenskap in die land het nie. Ouerbetrokkenheid en welwillendheid dra by tot die positiewe invloed op ons gemeenskap.

Verkondig dat Laerskool Impala se ouers, leerlinge en personeel top klas is en dat elke persoon wat hulself identifiseer met ons spogskool 'n "verskilmaker" is.

Laerskool Impala waar ons lag, speel en droom in geloof.

Maak seker u is deel van die "***Indrukwekkende Impies***."

W Jacobs

Hoof

Uit die Akademiese-kantoor

Numeri 6:26 “Die Here sal julle gebede beantwoord en vir julle vrede gee.”

Die afgelope twee weke was die leerlinge van graad 1 tot 7 vurig besig met toetse. Baie dankie vir die ondersteuning van elke Impie-ouer en grootouer tydens hierdie druk tyd.

Baie dankie vir die pligsgetroue skoolbywoning van ons leerlinge. Dit is nou kernbelangrik dat leerlinge nie onnodig afwesig is nie. Ons weet hierdie is ’n jaar wat op sy kop gegooi is, maar ons versoek dat ouers asb alle reëlings rakende vakansies ens om die akademiese kalender sal bestuur.

Die Grondslagfase begin reeds 5 Oktober met kwartaal 4 se akademiese leerplan, aangesien die vierde kwartaal baie kort is. Neem kennis dat die vierde kwartaal se formele assessering reeds 16 November begin. Alle leerders bly skoolpligtig.

Die Intersenfase sal 9 Oktober begin met kwartaal 4 se akademiese leerplan en ons sal ook die twee weke van 12 tot 22 Oktober die Kreatiewe Skryfwerk van die tale afhandel, wat ‘n deel vorm van die kwartaal 4 se Skoolgebaseerde Toetse. Ons versoek dus dat leerlinge asb skool sal bywoon.

Datum	**Groep**	**Vraestel**
12 Oktober	Groep 2 Gr 4-6 Alle Gr 7 leerlinge	Afrikaans HT Transaksionele Teks
13 Oktober	Groep 1 Gr 4-6	Afrikaans HT Transaksionele Teks
14 Oktober	Groep 2 Gr 4-6 Alle Gr 7 leerlinge	English FAL Transactional Text
15 Oktober	Groep 1 Gr 4-6	English FAL Transactional Text
19 Oktober	Groep 1 Gr 4-6 Alle Gr 7 leerlinge	Afrikaans HT Kreatiewe Skryfwerk—Opstel
20 Oktober	Groep 2 Gr 4-6	Afrikaans HT Kreatiewe Skryfwerk—Opstel
21 Oktober	Groep 1 Gr 4-6 Alle Gr 7 leerlinge	English FAL Creative Writing – Essay
22 Oktober	Groep 2 Gr 4-6	English FAL Creative Writing – Essay

Na die bestudering van die “Standard Operational Procedure” dokument wat ontvang is, het ons deeglike navorsing gedoen en kan ons al ons Gr 7 leerlinge terug verwelkom op ‘n daaglikse basis. Die graad 7 groep is tans die kleinste groep en met inagneming van alle Covid voorskrifte en regulasies rakende die dra van maskers, skandering en sanitering, asook 1m afstand is ons dus opgewonde om al die graad 7’s vanaf 9 Oktober 2020 terug te hê. Ons sal wel begin met ‘n Woensdagrooster vir almal. ‘n Skrywe vir Graad 7 ouers sal op die Gr 7 groep geplaas word.

Die Gr 4-6 leerlinge sal steeds in groepe skool bywoon. Groep 2 sal dus weer Vrydag, 9 Oktober skool toe kom en dan wissel Gr 1-6 volgens die kalender uitgegee. Almal volg Vrydag, 9 Oktober, ‘n Woensdag-rooster. Neem kennis, uitkomtye bly soos elke Vrydag.

Van Maandag 12 Oktober sal Gr 4 en Gr 5 leerlinge om 13h45 verdaag, Gr 6 verdaag om 14h00 en Gr 7 14h15.

Rapporte sal 22 Oktober uitgaan vir groep 2 en 23 Oktober vir groep 1.

Dankie vir almal se positiewe ondersteuning. Sterkte met die res van die kwartaal.

Impie Groete

Me C Le Roux

Adjunkhoof Akademie

Impie-Sport

Groepoefeninge:

Gedurende die laaste Toetsweek van 5 Oktober tot en met 8 Oktober gaan daar gesamentlike oefensessies plaasvind. Ongelukkig kan geen ouer die oefeninge bywoon nie. Streng veiligheidsmaatreëls sal in plek gestel word.

Graad 4-7: Oefeninge sal gedurende die aktiwiteits periodes geskied (12h00 – 13h00). *Slegs die groepe wat hierdie dae by die skool is kan kom oefen.*

Graad 1-3: Oefeninge sal vanaf 13h30 tot 14h15 geskied. Leerders sal om 14h15 na die graad 1 hek vergesel word en leerders wat na 14h20 nog nie afgehaal is nie, sal vir hul ouers by die skool se naskool wag.

Alle atlete is welkom.

DAE	GROEPE
5 Oktober	Gr 4 en 5; Gr 1-3 (groep 1)
6 Oktober	Gr 6 en 7; Gr 1-3 (groep 2)
7 Oktober	Gr 4 en 5; Gr 1-3 (groep 1)
8 Oktober	Gr 6 en 7; Gr 1-3 (groep 2)

Leerders moet asb. op hierdie dae hul LOT-klere skool toe aantrek.
Bring asb. 'n hoed, sonblok en genoegsame water saam.

Atletiekgroete

Juf C Schutte

Koop een van die stretch ladders en kry ‘n gratis uur privaat dansles en ‘n geskenkie.

GOLDEN OLDIE PROJEK

Ons tweede projek, die golden oldie projek was 'n reuse sukses gewees en het 'n baie groot verskil by ons ouetehuise gemaak. Baie dankie vir elkeen se insette en bydraes.

Daar is talle toiletware en skoonmaakmiddels ingesamel en daarvoor kan ons net dankie sê!

Ons het die volgende produkte ingesamel:

- Seep
- Toiletpapier
- Lyfroom
- Tandepasta en tandeborsels
- Toiletspuit
- Onderarm "roll-on"
- Deodorant vir mans of vroue
- Skoonmaakmiddels ens.



Dankie aan elke Impie wat met hulle groot omgee harte, hierdie projek so 'n sukses gemaak het!

Impiegroete

Mnr J van Rensburg

Organiseerder